**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SKILDERKUNS SG**
**(Oop)**

**PUNTE: 300**

---

**MOET OP 8 MEI 2006 OOPGEMAAK WORD**

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE EN ONDERWYSERS**

- Algemene instruksies vir **SKILDERKUNS SG** (wat die vereistes vir Jaarwerk, asook vir die Oop Eksamenvraestel bevat) is reeds in die eerste termyn van 2002 deur die Gautengse Departement van Onderwys aan opvoeders en kandidate, uitgestuur: CASS PORTFOLIO REQUIREMENTS – ART 2 SUBJECTS.

- Verwys asseblief na die inhandigingsprosedures soos uiteengesit op bladsy 11.

- Kontak asseblief die Departement, **Mev. H de Clercq** by die eksamenafdeling, (Tel: (011) 484-4250) asook die **eksaminator** dringend, indien hierdie offisiële dokument nie deur die skool ontvang is nie.

---

1. **TEMA:**

## "Comedia del Arte"

Hierdie vraestel verg 'n **KOMIESE UITSIG OP DIE LEWE** deur jou of iemand anders se oë. Oor die eeue heen (en selfs vandag nog) ervaar baie mense die lewe as oninteressant, vervelig, stresvol en selfs hartseer. Daarom wend mense hulle tot ander vermaaklikheidsbronne om hulle lewens op te helder. Vandag nog volg die mens dieselfde patroon; gebruik vermaak om van jou sorge en die van ander te ontsnap. Die frase "Lag met 'n traan" word dikwels in die teaterbedryf en in die sirkus gebruik. Die gebrek aan akteurs in die teater het daartoe gelei dat akteurs dikwels maskers moet dra om hulle eie personas te verbloem en die identiteit van 'n ander karakter aan te neem. Hierdie verskynsel kom ook in die alledaagse lewe voor waar mense dikwels onsigbare "maskers" dra om hulle ware identiteit te verbloem.

***"Comedia del Arte"*** is 'n vorm van komiese straatteater, wat sy oorsprong teen die einde van die 15de eeu in Italië gehad het. Straatteater kan as 'n kombinasie van menslike ervaringe beskou word. In die alledaagse lewe is mense, emosies en die natuur almal groot invloede op almal se lewens. Teater, kabaret en sirkusse, het almal hulle oorsprong in "***Comedia del Arte***" en beïnvloed ook baie mense se lewens omdat dit in die mens se aard is om ander na te volg.

**“ ’n Komedie is ’n verhoogstuk of ’n rolprent of ’n ligte, amusante, en gewoonlik satiriese stuk, wat hoofsaaklik die alledaagse lewe verteenwoordig, met ’n gelukkige einde.”**

***The Concise Oxford Dictionary***

Die maskers en uitvoerings van die “**Comedia del Arte**” word almal op vorige lewens-ervaringe gebaseer. Die kunstenaar / akteur vries beelde van die mens “in die alleenheid van die lewe, op soek na betekenis en ook hoop”. Hy / Sy gebruik sy / haar eie lewenservaringe en interpreteer dit in die skouspel van die lewe op die verhoog.

Almal van ons dra elke dag maskers en kan kies met wie ons wil identifiseer of saam met wie ons gesien wil word. “Elke kunstenaar streef na daardie magiese oomblik in sy / haar lewe wanneer hy / sy die masker verwyder wat hy / sy dra en onthul wie hy / sy werklik is.”

**“Die lewe is ’n verhoog ...,’n optrede om ons ware identiteit te ontdek.”**

---

1.1 **INTERPRETASIE VAN DIE TEMA:**

Jou interpretasie van die tema mag letterlik of simbolies wees.

Ontgin die konsepte van “**Comedia del Arte**” soos wat dit deur verskillende kulture / tradisies / geloofsisteme / omgewings ervaar word. Kyk hoe “**Comedia del Arte**” ervaar of gebruik word in verskillende aktiwiteite of deur verskillende klasse / politieke oortuiginge / rasse of geslagte in gebeure of rituele, in groepe of deur individue.

Ondersoek die potensiaal om verskillende beelde van spesifieke periodes saam te gooi en in ’n POSTMODERNE / EKLEKTIESE benadering tot die tema te gebruik. Sekere beelde het in ? sekere konteks vaste betekenis ontwikkel. Hierdie beelde word dikwels met sekere waardes geassosieer. Oorblyfsels en relieke van ? spesifieke periode sal nie net daardie periode se waardes verteenwoordig nie, maar ook die geskiedenis van daardie spesifieke tydperk / era. Oorweeg dit om beelde teenoor mekaar te stel wat verskillende periodes of gebeure verteenwoordig, bv. ’n Antieke beeld versus ’n kontemporêre beeld. Selfs die tipe omgewing of landskap kan uit die voorstelling van sulke belangrike data (in kunswerke) uit verskillende periodes geneem word en teenoor mekaar geplaas word in jou eie verwerking.

Gee jou eie interpretasie van die tema: “**Comedia del Arte**”.

- Maak van **een of meer** van die gegewe idees gebruik as ’n vertrekpunt vir jou eie interpretasie van die tema.
- Die interpretasie van hierdie tema is oop vir verskeie moontlike interpretasies en ? eensydige interpretasie van die tema moet vermy word.

- Die kunstenaar is geregtig om en het die artistieke vryheid om die wêreld en / of persoonlike geskiedenis (en die lewe in die algemeen) te interpreteer volgens sy / haar eie unieke visie.

- Hierdie **tema** verg jou interpretasie van jou eie of iemand anders se begrip van "**Comedia del Arte**" in die toekoms, die hede of die verlede.

- Probeer om die verlede en die hede, die private en openbare te kombineer en nooi die toeskouer uit om sy eie interpretasie van "**Comedia del Arte**" te maak wat ons almal vereer.

- Een van die mees konstante kenmerke van die POSTMODERNISTIESE beweging is sy konseptuele dimensie. Bestudeer die impak van konseptuele kuns op Suid-Afrikaanse en Internasionale skilders sedert 1980.

- Bepaal die geldigheid van "**Comedia del Arte**" in ons postmodernistiese gemeenskap. Mense in 'n veelrassige, klasgeoriënteerde gemeenskap sal almal verskillende ikone hê wat vir hulle belangrik is in hulle eie lewens.

- Ondersoek die impak van "**Comedia del Arte**" in jou eie of in enige iemand anders se lewe: sportsterre, politici, geskiedkundige figure, godsdienstige kenners en vermaaklikheidsterre sal almal mense op verskillende maniere beïnvloed.

- Kombineer jou navorsing met die ontwikkeling van jou eie interpretasie van die tema in jou sketse en voorbereidingswerk in jou werkboek.

- Die finale skildery moet jou eie gevolgtrekking van "**Comedia del Arte**" in jou gekose konteks wees.

- Daar is nie 'n korrekte of verkeerde manier om hierdie tema te interpreteer nie.

1.2 **OPDRAG:**

Die tema "**Comedia del Arte**" moet jou vertrekpunt wees vir sowel die werkboek, (navorsingsopdrag en voorbereidende tekeninge) as die finale praktiese werk(e).

1.3 **DIE EKSAMENWERK-BOEK**

- Skep 'n **A3-GROOTTE WERKBOEK** waarin jy die navorsingsopdrag doen en jou idees vir die finale skildery ontwikkel oor die tema "**Comedia del Arte**".

- **Voltooi AFDELING A en AFDELING B in die werkboek.**

- Maak seker dat jy uitgebreide visuele bronne raadpleeg en onderneem jou eie oorspronklike navorsing (vir die praktiese werk(e) en navorsingswerkboek), voordat jy aan jou finale skildery(e) begin werk.

- Onthou dat die tema vanuit 'n meer *konseptuele* of *simboliese* uitgangspunt, benader mag word.

1.4 **WERKBOEK**

**AFDELING A**: **NAVORSINGSOPDRAG** **[25]**

1.4.1 **DEEL 1**: **NAVORSING (Kunstenaar geassosieer met die tema)** (5)

In die navorsingsopdrag moet jy die tema: "**COMEDIA DEL ARTE**" in ? gemeenskap ontgin deur die werk van TWEE kunstenaars, een Suid-Afrikaanse en een internasionale kunstenaar (na 1980) van jou keuse, wat ? soortgelyke tema of aspek van die gegewe tema ontgin het.

Jy moet (in ± **500 – 800 woorde, met visuele verwysingsmateriaal, prente en/of foto's,)** bespreek waarom jy die spesifieke kunstenaars gekies het.

Jy mag van enige toepaslike bronne gebruik maak – onderhoude, koerante, en tydskrifartikels, kunsgeskiedenisboeke en multimedia soos die Internet, maar jy moet 'n **bibliografie** verskaf. (10)

1.4.2 **DEEL 2**: **NAVORSING (Ontleding van ? kunswerk)**

Jy moet 'n **ANALISE** (tussen 500 – 1 000 woorde) van 'n bekende **SKILDERY** van jou eie keuse doen – wat ? tema soortgelyk aan die tema "**COMEDIA DEL ARTE**" of ? aspek van die tema uitbeeld.

**SLUIT ASSEBLIEF 'N FOTOSTATIESE AFDRUK OF 'N LYN-TEKENING VAN DIE GEKOSE SKILDERY IN.**

Hierdie afdeling **MOET NIE** as 'n opstel geskryf word nie, maar eerder as 'n kreatiewe aanbieding waarin die kunswerk met behulp van onder andere transparante, simbole, oorvoublaaie ens. opgedeel en geanaliseer kan word. (10)

1.4.3 **DEEL 3: NAVORSING (persoonlike benadering en verwysings-materiaal)** (10)

**FAKTORE VERWANT AAN DIE TEMA "COMEDIA DEL ARTE"**

1. In ± **500 woorde**, (wat ? interaksie met teks, visuele verwysings-materiaal en klein sketsies insluit), moet jy inligting versamel, opteken en kommentaar lewer op aspekte wat nou verwant is aan die gegewe tema. Hierdie faktore kan die volgende insluit: jou eie of 'n ander se kultuur, tradisies, geloof, mites, politiek, ens. wat as bron van stimulasie vir jou eie, asook ander kandidate se skilderye kan dien.

NB: **Hierdie opdrag moet nie as 'n opstel aangebied word nie, maar moet as 'n versameling van geannoteerde beelde weergegee word, bv. 'n collage van teks en visuele beelde**, jou eie foto's en / of sentimentele / persoonlike memorabilia.

**'n BIBLIOGRAFIE moet ingesluit word.**

**Navorsing wat direk vanaf die Internet of ander elektroniese media / sagteware verkry is, sal streng gepenaliseer word. Die navorsing moet die leerder se eie oorspronklike werk wees. Enige vorm van plagiaat of direkte uittreksels uit bronnemateriaal sal nie aanvaar word nie.** **[25]**

1.5 **WERKBOEK**

**AFDELING B:** **<u>TEKENINGE EN VOORBEREIDINGSWERK</u>**

- Voldoende tekeninge / sketse en voorbereidingswerk vir die finale skildery(e) moet in die **A3-grootte eksamenwerkboek** gedoen word. (Verwys na die inligtingstuk vir SKILDER 604-2/1.)

- **<u>VOORBEREIDINGSWERK</u>** moet 'n duidelike ontwikkeling van die konsep vir jou finale skildery uitbeeld. Dit moet 'n verskeidenheid voorbereidingswerk insluit: sketse en kleurstudies wat in 'n verskeidenheid van media gedoen is. (15)

- **<u>TONALE TEKENING</u>**: Voltooi ten minste **EEN A3-grootte TONALE SKETS** wat die finale werk of konsep daarvan uitbeeld. (10)

2. **FINALE PRAKTIESE WERK(E)** **[100]**

- Jy moet 'n minimum van **EEN** skildery voltooi wat op bogenoemde tema gebaseer is. Indien jy verkies om meer as een skildery te doen mag dit heeltemal verskillende interpretasies van die tema uitbeeld, of dit kan verband hou met mekaar, deur die interpretasie van die tema ('n reeks), of dit kan as 'n diptiek (twee), triptiek (drie), of 'n poliptiek (meer as drie dele) van formate aangebied word wat EEN beeld of konsep uitbeeld.

- Die **GROOTTE** van die finale werk(e) mag deur die kandidaat self vasgestel word, maar moet getuig van sy / haar eie betrokkenheid en verbintenis oor die hele eksamenperiode.

- Vir die **FINALE SKILDERY** mag enige skildermedium of kombinasie van media gebruik word, solank daar van **kleur** gebruik gemaak word. Monochromatiese kunswerke sal slegs aanvaar word indien dit in 'n skildermedium uitgevoer is.

3. **INLEWERINGSDATUM**

Die volledige werkboek en die finale werk(e) moet om **12:00** op **15 SEPTEMBER 2006** aan die skool se eksamenkommissaris oorhandig word.

**DIE WERK MOET OP DIE SKOOLPERSEEL IN VEILIGE BEWARING GEHOU WORD TOT EN MET DIE DAG VAN DIE NASIENSESSIE WANNEER JYSELF (DIE LEERDER) VERANTWOORDELIK IS VIR DIE UITSTAL DAARVAN BY 'N LOKAAL WAT DEUR DIE EKSAMINATOR BEPAAL SAL WORD BY DIE "ASSESSERINGSUITSTALLING".**

Alle jaarwerke (minimum 2) en jaarwerkboeke moet ook by hierdie uitstalling uitgestal word. Leerders moet asseblief alle werke (en boeke) duidelik, maar professioneel identifiseer as ? **jaarwerk** of ? **eksamenwerk** en hulle name en eksamennommer duidelik toon.

4. **PUNTETOEKENNING**:

4.1 **EKSAMEN: (VRAESTEL**)

| | | |
|---|---|---|
| A | **Werkboek: Afdeling A** – Navorsingsopdrag | (25 PUNTE) |
| B | **Werkboek: Afdeling B** – Tekeninge & Voorbereiding | (25 PUNTE) |
| C | Finale Praktiese Werk(e) | (100 PUNTE) |
| | **SUBTOTAAL** | **[150 PUNTE**] |

4.2 **JAARWERK: (Voltooi voor Junie 2006 – gedurende die Graad 12-jaar)**

- **Die jaarwerkvereistes vir die assesseringsuitstalling (en CASS-punte) is 'n minimum van 2 Skilderye en 'n Navorsingswerkboek wat saam met die Eksamenwerk uitgestal moet word – slegs vir moderering.**
- **Slegs skilderye wat vir die CASS-assessering vir die vak Skilderkuns (604) gebruik is, mag uitgestal word. Moenie die uitstalling met irrelevante kunswerke, skilderye, ontwerpe, sketse of beelde probeer versier nie. Jy sal swaar gepenaliseer word.**
- **Die CASS-werk (Jaarwerk) sal net gemodereer word, maar moet saam met die relevante CASS-dokumente in die Opvoeder se portefeulje uitgestal word.**
- **Indien die eksaminator dit nodig ag, weens onreëlmatigheid met die CASS-punte, sal die hele sentrum se Jaarwerke weer geassesseer word en alle CASS-punte sal dienooreenkomstig aangepas word.**

| | | |
|---|---|---|
| A | **Werkboek: Afdeling A** – Navorsingsopdrag | (25 PUNTE) |
| B | **Werkboek: Afdeling B** – Tekeninge & Voorbereiding | (25 PUNTE) |
| C | Finale Praktiese Skilderye | (25 PUNTE) |
| | **SUBTOTAAL** | **[150 PUNTE]** |

**TOTAAL: 300**

**NB: BYLAAG A, B EN C VOLG OP DIE VOLGENDE BLADSYE.**

**Lees en hou die volgende dokumente asseblief op ? veilige plek totdat jy hulle nodig kry.**

**BYLAAG A:** **Sertifisering van eie werk.**
**BYLAAG B:** **"GETAL KANDIDATE" – NB. Moet voor of op 1 September 2006 aan die eksaminator gestuur word.**
**BYLAAG C:** **Rekord(s) van werk(e) wat by die uitstallingslokaal ingelewer is.**

**ADDENDUM / *BYLAAG* A**

This addendum must be filled in, copied, signed and pasted on the front covers of the Examination Workbook and the Yearwork Book.

*Hierdie bylaag moet ingevul, gekopieer, onderteken en op die voorblaaie van die Eksamenwerkboek en Jaarwerkboek geplak word.*

Indicate with a cross (X) whether this is the Yearwork Book or the Examination Workbook.

*Dui met ? kruis (X) aan of hierdie die Jaarwerkboek of die Eksamenwerkboek is.*

| | |
|---|---|
| **YEARWORK BOOK** ***JAARWERKBOEK*** | |
| **EXAMINATION WORKBOOK** ***EKSAMENWERKBOEK*** | |

**2006 OPEN EXAMINATION / *2006 OOP EKSAMEN***

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Name of Subject / *Vaknaam*** | |
| **2** | **Code of Subject / *Vakkode*** | |

**Declaration / *Verklaring***

| | |
|---|---|
| **This work was done under the supervision of the Art educator and without the help of anybody else.**<br>**This is to certify that all work submitted is the original and own work of the candidate.** | ***Hierdie werk is onder toesig van die Kunsopvoeder, sonder enige hulp van enigiemand anders, gedoen.***<br>***Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingelewer is, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.*** |
| **Examination Number / *Eksamennommer*** | |

| | **Sign / *Teken*** | **Date / *Datum*** |
|---|---|---|
| **Principal / *Hoof*** | | |
| **Examination Commissioner / *Eksamenkommissaris*** | | |

**ADDENDUM / *BYLAAG* B**

**NB: SEND TO EXAMINER BEFORE 1 SEPTEMBER 2006.**
***LW: STUUR AAN EKSAMINATOR VOOR 1 SEPTEMBER 2006.***

**NUMBER OF CANDIDATES ENROLLED FOR PAINTING SG 604-2/0**
***GETAL KANDIDATE INGESKRYF VIR SKILDERKUNS SG 604-2/0***

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION: 2006**
***SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN: 2006***

**SCHOOL** / ***SKOOL*** : ________________________ **DATE** / ***DATUM*** : ________________________

**ADDRESS** / ***ADRES*** : ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**TEL. NO.** / ***TEL. NO.*** : ________________________ **FAX NO.** / ***FAKSNO.*** : ________________________

**CENTRE NUMBER** / ***SENTRUMNOMMER*** : ____________________________________________

**ART EDUCATOR** / ***KUNSOPVOEDER*** : ____________________________________________

**PRINCIPAL** / ***HOOF*** : ____________________________________________

**OPEN EXAMINATION 2006 / OOP EKSAMEN 2006**

**PAINTING / SKILDERKUNS SG 604-2/0**

Please note that centre number ______________________________ has fewer than ten/more than ten candidates enrolled for PAINTING SG for the Senior Certificate Examination for 2006. The exact number of candidates is: _____________.

*Let asseblief daarop dat sentrumnommer _________________________ minder as tien/meer as tien ingeskrewe kandidate het in die vak SKILDERKUNS SG vir die Seniorsertifikaat-eksamen van 2006. Die ingeskrewe getal kandidate is: _________.*

**PLEASE FAX ADDENDUM B TO MRS S DA SERRA (EXAMINER)**
**FAX (012) 807 0109 BEFORE 1 SEPTEMBER 2006.**
***FAKS BYLAAG B NA MEV. S DA SERRA (EKSAMINATOR)***
***FAKS (012) 807 0109 VOOR 1 SEPTEMBER 2006.***

**ADDENDUM / *BYLAAG* C(1)**

**DECLARATION BY THE ART EDUCATOR**
***VERKLARING DEUR DIE KUNSOPVOEDER***

**WORKS SUBMITTED TO THE EXHIBITION VENUE TO BE HANDED TO THE PERSON IN CHARGE OF THE EXAMINATION VENUE**

***WERKE INGELEWER BY DIE UITSTALLOKAAL WAT AAN DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE EKSAMENLOKAAL OORHANDIG MOET WORD***

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION 2006**
***SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN 2006***

I, the art educator of ______________________________________________ centre number __________________________ declare that ________________ candidates' complete work (paintings and workbooks) were handed to this exhibition venue ___________ to ____________ (person in charge) for evaluation on this _______ day of ____________ 2006 for the subject PAINTING SG 604-2/0.

*Ek, die kunsopvoeder van _______________________________________________, sentrumnommer __________________________, verklaar hiermee dat _____________ kandidate se voltooide werke – eksamen- en jaarwerk (skilderye en werkboeke) by hierdie uitstallokaal ____________ aan _____________________ persoon in beheer oorhandig is vir ? evalueringsuitstalling op hierdie ___________ dag van ____________________ 2006 vir die vak SKILDERKUNS SG 604-2/0.*

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| **ART EDUCATOR** | **EXHIBITION CO-ORDINATOR** |
| ***KUNSOPVOEDER*** | ***UITSTALLINGSKOÖRDINEERDER*** |

## ADDENDUM C(2) LIST OF CANDIDATES / *BYLAAG C(2) LYS VAN KANDIDATE*

| NO.<br><br>*NO.* | CENTRE NO.<br><br>*SENTRUM NO.* | CANDIDATE NO.<br><br>*KANDIDAAT NO.* | TOTAL NUMBER OF YEARWORK BOOKS<br><br>*TOTALE GETAL JAARWERKBOEKE* | TOTAL NUMBER OF EXAMINATION WORKBOOKS<br><br>*TOTALE GETAL EKSAMEN-WERKBOEKE* | TOTAL NUMBER OF YEARWORKS HANDED IN FOR EVALUATION<br>*GETAL JAARWERKE INGELEWER VIR EVALUERING* | TOTAL NUMBER OF EXAM WORKS HANDED IN FOR EVALUATION<br>*GETAL EKSAMEN-WERKE INGELEWER VIR EVALUERING* | DATE HANDED IN AT VENUE<br><br>*DATUM INGE-LEWER BY PLEK* | DATE COLLECTED AT VENUE<br><br>*DATUM AFGEHAAL BY PLEK* | CANDIDATE'S SIGNATURE<br><br>*KANDIDAAT SE HANDTEKENING* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | |

**END/*EINDE***